NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2022

REKENINGKUNDE: VRAESTEL II

NASIENRIGLYNE

Tyd: 2 uur 100 punte

Hierdie nasienriglyne is opgestel vir gebruik deur eksaminators en hulpeksaminators van wie verwag word om almal 'n standaardiseringsvergadering by te woon om te verseker dat die riglyne konsekwent vertolk en toegepas word by die nasien van kandidate se skrifte.

Die IEB sal geen bespreking of korrespondensie oor enige nasienriglyne voer nie. Ons erken dat daar verskillende standpunte oor sommige aangeleenthede van beklemtoning of detail in die riglyne kan wees. Ons erken ook dat daar sonder die voordeel van die bywoning van 'n standaardiseringsvergadering verskillende vertolkings van die toepassing van die nasienriglyne kan wees.

IEB Copyright © 2022

VRAAG 1 BEGROTINGS (34 punte; 41 minute)

1.1 *Bespreek hoe die opstel van 'n Kontantbegroting met die beheer van 'n bank-oortrekking kan help.*

- Dit is 'n plan, ✓ dus kan 'n mens sien of dit 'n goeie plan is en of die plan tot 'n oortrekking gaan lei.
- Kan dan die plan verander ✓ – los probleme op voordat hulle opduik.

(2)

1.2 *Skryf twee items neer wat verkeerdelik in die begroting genoem word.*

- Verlies van vars produkte ✓
- Oninbare skuld ✓

(2)

1.3 *Bereken die ontbrekende bedrae wat deur die letters A–H aangedui word. Toon jou berekeninge op die toepaslike reël.*

A	211 200 × 20/80 = 52 800 ✓
B	45 760 × 100/20 ✓ × 100/220 ✓ × 100/80 ✓ × 70% ✓ = 91 000
C	105 000 × 30/70 × 92/100 = 41 400 ✓✓
D	105 000 × 100/70 × 20/100 = 30 000 ✓✓
E	23 100 × 100/105 = 22 000 ✓
F	5 500 + 500 = 6 000 ✓
G	0 ✓
H	20 000 ✓

(13)

1.4 *Voltooi die Debiteure-invorderingskedule.*

Debiteure-invorderingskedule vir die maande Julie en Augustus 2022

	Kredietverkope	Julie	Augustus
Mei	**147 840**	**66 528**	–
Junie	✓ 172 580	**51 774**	45% ☑ 77 661
Julie	**211 200**	**21 120**	✓ 63 360
Augustus	✓ 183 040	–	10% ☑ 18 304

(5)

1.5 *Bereken die oninbare skuld vir Augustus 2022.*

147 840 ✓ × 15/100 ✓ = 22 176
OF
147 840 – 14 784 – 44 352 – 66 528 = 22 176

(2)

IEB Copyright © 2022

1.6 *Skryf drie hoof bydraende faktore tot Blinkmiss Algemene Handelaars se likiditeits-probleme neer.*

- Slegs 20% van die verkope is kontantverkope. ✓
- 70% van die handelsvoorraad word met kontant gekoop. ✓
- 33⅓% van die voorraad word nie verkoop nie, maar word maandeliks afgeskryf. ✓
- 15% van debiteure word as oninbare skuld afgeskryf.
- Sizwe se trekkings van R20 000 p.m.

(3)

1.7 *Bespreek twee beheermaatreëls wat Sizwe kan implementeer om die verlies van die vars produkte te minimaliseer. (Skryf genoeg vir 2 punte elk.)*

- Sizwe moet by produsente koop wat die vars produkte verkoel ✓ onmiddellik nadat dit gepluk is en die koue ketting handhaaf. Hy moet net items van goeie gehalte aanvaar. ✓
- Die vars produkte moet gereeld gekoop word, d.w.s. klein hoeveelhede ✓ op 'n gereelde basis en nie een groot hoeveelheid vir die maand nie, sodat dit nie oorryp word op die rakke nie. ✓
- Sizwe moet kyk wat nie verkoop word nie en hy moet op hierdie produkte besnoei, of hy moet kyk of 'n bepaalde item vinnig sleg word.
- Hy kan konfyt of alternatiewe produkte maak van die vrugte wat oorryp is.

(4)

1.8 *Sizwe het nie 'n behoorlike optekeningstelsel vir sy vars produkte nie. Sal jy die deurlopende of periodieke voorraadstelsel vir Sizwe aanbeveel? Bespreek twee redes vir jou aanbeveling.*

- Periodiek ✓
- Die vars produkte word by plaaslike inwoners, markte en boere gekoop. Dit sal nie strepieskodes hê nie. ✓
- Aangesien die vars produkte by baie verskillende verskaffers gekoop word, sal die prys waarskynlik wissel, wat dit tydrowend maak om die nuwe kosprys elke keer op te teken. ✓
- Kan groot hoeveelhede klein items verkoop. Baie makliker om die koste van verkope aan die einde van die tydperk te bereken as om te probeer om die koste van elke item wat verkoop word, op te teken.

Moet periodiek wees. Indien hulle dus deurlopend sê, kan hulle slegs punte vir die redes kry – dus 2/3.

(3)

34 punte

IEB Copyright © 2022

VRAAG 2 MAATSKAPPYONTLEDING (41 punte; 49 minute)

Lees die inligting oor Tongaat Hulett Ltd op bladsy iii–v van die Inligtingsboekie en beantwoord die volgende vrae:

2.1 2.1.1 *Skryf neer watter rekeningkundige beginsels die direkteure van Tongaat oortree het toe hulle die volgende gedoen het:*

- Hulle het inkomste in vroeër rekeningkundige tydperke erken.
  - Parings-/toevallingsbeginsel ✓
- Hulle het uitgawes na die bates gekapitaliseer.
  - Omsigtigheid ✓

(2)

2.1.2 *Tongaat het nou hul interne oudit aan KPMG uitgekontrakteer. Skryf neer hoe dit van die normale interne ouditeurs verskil. Verduidelik twee voordele vir Tongaat om hul interne oudit aan 'n ouditeursfirma uit te kontrakteer.*

Verskil:
- Interne ouditeure is gewoonlik werknemers van die maatskappy. ✓

Voordele:
- KPMG is (hopelik) betroubaar, aangesien hulle nie deel was van die bedrog nie. ✓
- Hulle sal 'n vars (en ervare) perspektief bring om die prosesse en stelsels te beskou. ✓
- Hulle is onpartydig.

(3)

2.1.3 *Die King-kode gee riglyne vir korporatiewe bestuur. Verduidelik wat korporatiewe bestuur is en hoe die voormalige HUB, Peter Staude, nie volgens die King-kode opgetree het nie.*

- Korporatiewe bestuur gaan oor bestuur op 'n etiese manier. ✓
- Peter Staude het nie in belang van die maatskappy of die aandeelhouers opgetree nie, maar gedoen wat die beste was vir homself. Nie eties nie. ✓

(2)

2.1.4 *Lees die laaste uittreksel op bladsy iii van die Inligtingsboekie wat begin met "In artikel 29(6) van die nuwe Maatskappywet 2008". Bespreek **in detail** of jy dink Peter Staude moet krimineel vervolg word.*

- Die direkteure is verantwoordelik vir die finansiële state.
- Hy was ook verantwoordelik vir die bedrog.
- Hy het dus geweet dat die finansiële state nie 'n billike weergawe van die bates, uitgawes of inkomste van Tongaat was nie.
- Hy moet krimineel vervolg word, aangesien hy bedrog gepleeg het.
- Die bedrog wat hy en die ander direkteure gepleeg het, is wesenlik, want dit het die bates met R4,5 miljard – ongeveer 25% – geïnfleer.

Nagesien volgens hul begrip dat Peter Staude vir die bedrog verantwoordelik was ✓ want hy was die HUB, ✓ en dat die bedrog wesenlik was. ✓

(3)

IEB Copyright © 2022

2.2 *Bespreek of Tongaat se winsgewendheid verbeter het. In jou bespreking moet jy minstens vyf verskillende punte noem en minstens een berekening verskaf om een van jou punte te verduidelik. (Die berekening moenie een wees wat in die Inligtingsboekie vir jou gegee is nie.)*

- Die koste van verkope het gedaal ✓ (moontlik is minder verkoop).
- Maar verkope het met 16,8% verbeter omdat die winsgrens byna verdubbel het. ✓
- Die bedryfsuitgawes is goed beheer ✓ (8,27% toename teenoor toename in verkope van 16,8%), of 8,27% toename bo inflasie.
- Dit het daartoe gelei dat die bedryfswins met 284% toegeneem het. ✓
- Daar was 'n toename van 27,2% in finansieringskoste. ✓
- Selfs al was daar 'n verlies van R1,296 miljard op die bedrywighede in Zimbabwe, het Tongaat steeds hul netto wins tot R530 miljoen laat toeneem van 'n verlies van R792 miljoen in 2019. ✓
- In die geheel het die winsgewendheid verbeter.
- Berekening ✓

Om al 6 punte te kry, moet hulle die hoofterreine van die toename in winsgrens en verkope, plus netto wins noem. Hulle moet een berekening hê.

(6)

2.3 2.3.1 *Bereken die bedryfsbates vir **2019**.* ***R'miljoen***

15 550 ✓ × 0,52 ✓ = 8 086

(2)

2.3.2 *Skryf die **hoof**rede neer waarom Tongaat 'n lae bedryfsverhouding het en verduidelik dan in detail of jy dink dat Tongaat hul huidige skuld sal kan afbetaal of nie.*

Baie groot huidige lenings. ✓

- Waarskynlik nie: Selfs al verkoop hulle al hul voorraad, sal dit nie eers die helfte van hul lenings dek nie. ✓✓
- Dit sal waarskynlik 'n rukkie neem om die voorraad te verkoop, aangesien 'n gedeelte daarvan nog in die vorm van plante is wat eers geoes moet word voordat die suiker geproduseer en verkoop kan word.
- Hul debiteure is minder as die helfte van hul krediteure. Selfs indien al hul debiteure betaal, sal dit nie hul krediteure dek nie.

(3)

2.3.3 *Bestudeer Tongaat se voorraadomsetsnelheid. Skryf een voorraaditem neer wat tot 'n lae voorraadomsetsnelheid bydra en een item wat tot 'n hoë voorraadomsetsnelheid bydra. Verduidelik dan of dit 'n geskikte snelheid vir die item is of nie.*

- Lae snelheid: suikerriet ✓
- Hoë snelheid: die verwerkte suiker/suikeritems ✓
- Is dit geskik? Ja, die suikerriet is voorhande vandat dit begin groei totdat dit geoes en in suikerprodukte verwerk is. Dit neem 'n lang tyd voordat dit verkoop kan word. ✓

(3)

IEB Copyright © 2022

2.4 2.4.1 *Bereken die solvensieverhouding vir **2020** en lewer kommentaar op Tongaat se solvensie.*

18 148 : 19 743
0.92 : 1 ✓

Hulle is nie solvent nie. ✓ Hul laste is meer as hul bates.

(2)

2.4.2 *Bespreek waarom hul krediteure en die banke sou wou hê dat Tongaat moes voortgaan om handel te dryf onder hierdie omstandighede. Noem in jou bespreking twee gevolge daarvan indien Tongaat sou sluit.*

- Sluiting sal Suid-Afrika se werkloosheid verhoog. ✓
- Verloor hul belegging in Tongaat/verloor die rente wat hulle op lenings verdien. ✓
- Krediteure sal wil voortgaan om sake te doen sodat hulle nie 'n groot klant verloor nie.

(2)

2.5 2.5.1 *Toon deur 'n berekening te doen hoe die opbrengs op kapitaal aangewend 97,57% kon wees vir **2019** ten spyte daarvan dat Tongaat 'n verlies vir 2019 gemaak het.*

$$\frac{(333)\checkmark + 1\,478\checkmark}{[(2\,972) + 2\,463\checkmark + 62 + 2\,794\checkmark] \times \frac{1}{2}} \times 100$$

(4)

2.5.2 *Tongaat het 'n opbrengs op kapitaal aangewend van 43% vir 2020. Dit beteken dat hulle 'n positiewe hefboomwerking het. Verduidelik deur 'n rede te verskaf of Tongaat lenings moet verkry.*

- Hulle moenie. ✓
- Hulle het negatiewe ekwiteit, is nie solvent nie en is 'n uiters hoë risiko. ✓

(2)

2.5.3 *Op 21 Februarie 2020 het Tongaat aangekondig dat hulle 'n ooreenkoms gesluit het om 64 hektaar van hul eiendom in Umhlanga Rocks te verkoop. Lewer kommentaar op die effek wat hierdie aankondiging op die aandeleprys gehad het en verduidelik waarom hierdie aankondiging hierdie effek gehad het.*

- Die aandeleprys het vinnig gestyg ✓ tot ongeveer vyf keer wat dit was.
- Dit het verander van dalend tot vinnig stygend.
- Meer mense wou aandele koop, dus het die vraag toegeneem. ✓ Hulle kon van mening wees dat dit 'n goeie besluit was, aangesien dit 'n positiewe impak op die likiditeits- en solvensieverhouding sou hê, wat Tongaat 'n beter belegging maak.

(2)

IEB Copyright © 2022

2.5.4 *Tongaat het nie dividende vir 2020 verklaar nie. Bespreek deur twee punte te verskaf of dit die korrekte besluit was of nie.*

Korrekte besluit: (Ja) / Nee

- Hulle het swak likiditeit/kontantvloeiprobleme gehad. ✓
- Hulle het solvensiekwessies gehad. ✓
- Hulle moes inkomste behou om te herstel.
- Hulle het negatiewe ekwiteit gehad.

(2)

2.5.5 *Oor die afgelope drie jaar het die aandeleprys 94% van sy waarde verloor. Daar is beleggingsmaatskappye wat groot getalle Tongaat-aandele besit. Sal jy hulle aanraai om hul aandele te verkoop of te behou? Bespreek drie redes vir jou mening.*

Behou:

- Aandeleprys het met 55% gegroei oor een jaar ✓
- Buitehulp in die vorm van KPMG ✓
- Het in 2020 'n wins gemaak en dus hul winsgewendheid verbeter ✓

(3)

41 punte

IEB Copyright © 2022

VRAAG 3 VERSOENINGS (25 punte; 30 minute)

3.1 *Gebruik die bedrae wat op die staat van Furniture Co. gegee word om te toon hoe die blok vir 90 dae in die Debiteure-ouderdomsontleding bereken is. Moenie die aansuiwerings in ag neem nie. Toon die volledige berekening.*

90 dae
36 800 ✓ – 20 000 ✓ – 2 944 ✓ – 8 800 ✓ – 5 056 = 0 ☑

(5)

3.2 *Stel die Krediteureversoening met inagneming van die verskille op en bereken die korrekte bedrag verskuldig deur/aan Elegance op 30 April 2022.*

Krediteureversoening op 30 April 2022

Foutiewe saldo	✓ 12 006
Foutiewe korting gegee	✓ 1 344
Faktuur 43	✓ (36 200)
Handelskorting weggelaat	✓ (950)
Kredietnota 6	✓ (450)
EFO	✓ (20 000)
Korting	✓ (1 600)
Korrekte bedrag verskuldig **aan** Elegance	☑ (45 850)

(8)

3.3 *Bestudeer die bepalings van Furniture Co. vir Elegance. Verduidelik deur 'n rede te verskaf of jy dink hierdie bepalings is bevredigend of nie. Ondersoek nou die manier waarop Elegance hul krediteure betaal. Skryf een stukkie advies aan Elegance neer aangaande hierdie betalings en verduidelik waarom jy hierdie advies gee.*

Bevredigend

- Hulle kan duidelik binne drie maande betaal, aangesien hulle selfs gouer as dit betaal. ✓
- Dit gee hulle meer tyd om geld van hul debiteure in te vorder.
- Kan 'n langer tydperk probeer beding, aangesien hul debiteure agt maande neem om te betaal.

Advies: Hulle betaal te gou – betaal eers aan die einde van 90 dae. ✓

Rede:

- Hulle ontvang korting voor 90 dae, dus is daar geen rede om vinnig te betaal nie. ✓
- Dit is beter vir likiditeit om die betalings te vertraag.
- Hulle verdien nie rente op die ekstra geld wat hulle betaal nie. Indien hulle dus ekstra kontant beskikbaar het, sal dit beter wees om dit te belê.
- Vertraging van die betalings sal beteken dat hulle meer geld van die debiteure kan invorder.

(3)

IEB Copyright © 2022

3.4 3.4.1 *Sally, 'n klant, het 'n rusbank vir R12 000 op Elegance se kredietfasiliteit gekoop. Bereken die bedrag van haar maandelikse debietorder indien sy die kredietfasiliteit aanvaar.*

R1 800 ✓

(1)

3.4.2 *Bespreek **drie** voordele wat dit vir Elegance inhou om hierdie kredietfasiliteit aan te bied.*

- Hulle maak 'n ekstra 20% wins op die verkoopsprys. ✓
- 'n Debietorder is veiliger as om op 'n klant se welwillendheid staat te maak om via EFO te betaal. ✓
- Elegance word elke maand gelyke bedrae betaal – die klant wag nie tot op die nippertjie om die hele bedrag te betaal nie. ✓
- Elegance vorder vasgestelde bedrae in, dus kan hulle hiervoor begroot.

(3)

3.5 *Jayshree is onder die indruk dat indien 'n debiteur 'n debietorder teken, daar geen rede is om 'n kredietkontrole op die potensiële debiteur te doen nie.*

3.5.1 *Bespreek waarom Jayshree altyd 'n kredietkontrole op elke debiteur moet doen, selfs al teken hy/sy 'n debietorder.*

- Indien hulle 'n slegte betaalgeskiedenis het, ✓ is daar 'n goeie kans dat hulle nie genoeg geld in hul bankrekening sal hê nie en die debietorder sal geweier word. ✓

(2)

3.5.2 *Deel van 'n kredietkontrole is om drie maande se bankstate van die debiteur te ondersoek. Verduidelik hoe 'n ondersoek van 'n bankstaat nuttig kan wees tydens 'n kredietkontrole.*

- Die bankstaat sal toon hoe die potensiële debiteur met sy/haar geld werk. Of alles in die eerste week bestee word, of daar oortrekkings is en waaraan sy/haar geld bestee word. ✓

(1)

IEB Copyright © 2022

3.6 *'n Deposito van R800 van debiteur S Sonny is verkeerdelik in die rekening van K Sonny opgeteken. Toon hoe hierdie fout in die Algemene Joernaal reggestel moet word.*

Algemene Joernaal van Elegance – April 2022

Dokument-no.	Dag	Besonderhede	Fol.	Debiet	Krediet	Debiteure-kontrole	
						Debiet	Krediet
JB1	30	K Sonny	✓	800		800	
		S Sonny	✓		800		800

Die punte is vir die wete dat K Sonny gedebiteer moet word en S Sonny gekrediteer. (2)

25 punte

Totaal: 100 punte

IEB Copyright © 2022